Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, June 04, 2017
Page: 3

# Pasop vir onkantreël met jou testament

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

**Nico van Gijsen**

Ek had nog nooit veel vat kon kry aan glansmense en hul doen en late nie, maar ek wil tog ter wille van die lesse daaruit te leer vandag stilstaan by die onverkwiklikheid rondom die oud-Springbok Joost van der Westhuizen se testament.

Die berig in verlede Sondag se *Rapport* het my met een indruk gelaat: Ons eertydse rugbyheld het sy finansiële bal lelik aangeslaan en dit kan sy familie die wedstryd kos. Self wonder ek, is hy perdalks deur 'n spanmaat gepootjie, of had hy bloot spreekwoordelike bottervingers?

Nietemin, die hele kabaal klink dalk na 'n goedkoop sepie, maar daar is tog aspekte wat ek wil uitlig ter wille van lesers wat geliefdes versorg wil nalaat. Jou testament is onlosmaaklik deel van jou finansiële plan. Dit bring alles bymekaar aan die einde as dit reg gedoen is. Of torring alles los in 'n hartseer gemors as dit nie is nie.

*Rapport* het 'n gesiene regskenner aangehaal oor van die regstegniese aspekte rondom Joost se testament en lyk my dit gaan in die hof draai (waar nadoodse familieongelukkighede meestal eindig), so ek wil nie nog 'n stuiwer ingooi nie.

Ek raak dus net aan twee punte.

Die dokument wat sy broer na wat verneem word nou voorhou, kán, op grond van wat ek lees, nie 'n testament wees nie. Dis net 'n dokument. Broer en prokureur kan rook blaas, raas en skree totdat hulle blou in die gesig is, maar totdat 'n hof bevind dat dit bedoel was om Joost se testament te wees, is dit net dit: 'n dokument.

Vir jou testament om as geldig aanvaar te word, moet aan 'n hele aantal vereistes voldoen word. Die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) het streng vereistes wat betref die ondertekening daarvan. Byvoorbeeld, dit moet deur jou in die teenwoordigheid van twee getuies (wat nie erfgename is nie) onderteken word en hulle moet daarby teken.

Nie sommer enige geskrif is 'n testament nie. Die testament moet dit duidelik laat blyk dat dit jou bedoeling was om 'n testament op te stel. Daarom dat ek dit so benadruk in my rubrieke dat jy 'n kundige moet raadpleeg met die opstel van jou testament. As dit nie aan al die vereistes voldoen nie, gaan dit in die hof draai, ongeag hoe erfgename daaroor voel. Met gepaardgaande koste . . . en gewoonlik verdriet.

My tweede punt uit die tragiese Joost-sage, ter wille van lesers wat só getroud is, is dat Joost en Amor, volgens wat ek lees, binne gemeenskap van goed getroud was.

Jy maak 'n fout as jy dink jy kan die gemeenskaplike bates bemaak soos jy wil. Net met jou helfte kan jy, nie met jou man of vrou se helfte nie.

Dieselfde geld waar daar 'n huweliksaanwaseis ter sprake is. Jy kan net bemaak - as jou boedel die grootste is - wat oorbly.

Kortom, jou huweliksbedeling is een van 'n paar faktore wat die reg op testeervryheid kan inkort. En dan is daar ook nog die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990) wat voorkeur het bo enige bemaking en dieselfde status het as 'n eis van 'n minderjarige kind.

Kortom: Jou testament moet regsgeldig wees. Los die goedkoop of boekwinkelopsies. Jy kan net bemaak wat joune is en dit eers ná skuld- en ander verpligtinge, en nadat aan die vereistes van die Huwelikswet voldoen is.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiele beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.